## HOOFSTUK III

## DIE MANDAATTYDPERK.

### A. ONDERHANDELING MET DIE OWERHEID.

Die jaar 1920 blyk vir die Duitssprekendes 'n krisisperiode te wees. Op hulle vorrstelle, deputasies, protesskrifte, telegramme en navrae het hulle slegs ontwykende antwoorde van die regering ontvang.(1) Die oorname van die skole deur die Staat wat vir April beplan was, word egter in opdrag van die Organiserende Skoolinspekteur na 30 Junie 1920 of selfs later verskuif, maar dit word beklemtoon dat hierdie uitstel geensins beteken dat die Staat nie die Duitse skoolgeboue sou oorneem nie, indien hulle vir Staatsonderwysdoeleindes benodig word.(2) Hierdie onsekerheid het die spanning verhoog.

Nuwe verwikkelings in die dooiepunt het met die koms van Generaal Smuts na Suidwes-Afrika begin. Op 30 Augustus 1920 ontvang die Eerste Minister afgevaardigdes van verskillende liggame in Lüderitsbucht o.a. ook die bestuur van die plaaslike Schulverein wat 'n lywige versoekskrif van ses getikte velle aan hom oorhandig. Dit bevat 'n oorsig van die ontwikkeling van die skool sedert sy ontstaan en die versoeke van die ouers om die binnekoms van onderwysers uit Duitsland te vergemaklik, duidelikheid omtrent 'n

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhoek, p.16.
(2) Landes Zeitung, Nr. 44 van 13 April 1920.

besliste grondslag vir die gebruik van die skoolgeboue te verkry en die bewilliging van 'n staatsbydrae in verhouding tot die grootte van die Duitse bevolking. Die versoekskrif sluit of met die volgende: (1)

"Wir bitten Sie, Herr General, unsere Wünsche mit Wohlwollen und Gerechtigkeit zu prufen, und versichern gleichzeitig, dass der Deutsche Schulverein Lüderitzbucht jeder politischen Tätigkeit oder Absicht völlig fernsteht. Wir wünschen lediglich unserer Jugend einen kostlichen Schatz zu erhalten: die Muttersprache und ihr für ihren Lebensweg ein kostbares Gut mitzugeben: eine gute Erziehung."

Op 16 September 1920 ontmoet generaal Smuts die Schulverband in Windhoek. As gevolg van 'n gepubliseerde brief het hy reeds kennis gedra van hul eise wat o.a. was: (2)

(i) Dat die suiwer karakter van die Duitse skole bewaar moes bly;

(ii) Dat moedertaalonderrig alleen deur daarvoor goedopgeleide Duitse onderwysers gegee moes word;

(iii) Dat daarom toestemming verleen moes word vir die binnekoms van sodanige onderwysers;

(iv) Dat skool- en koshuisgeboue deur hulle benodig, deur die regering beskikbaar gestel moes word;

(v) Dat omvattende finansiële steun aan hulle skole bewillig moes word.

By hierdie geleentheid en ook tydens sy besoek aan die Realschule die volgende dag, het generaal Smuts beklemtoon

---

(1) Fünfzig Jahre Deutsche Schule Lüderitzbucht, p.15, 16.

(2) Landes Zeitung Nr.106. Brief van 28 Augustus 1920 op 4 September 1920 gepubliseer.

dat die regering nie die Duitse element in die land wil onderdruk nie.(1) Hy het die deputasie daarop attent gemaak dat die Duitse kinders se voorbereiding sodanig moes wees, dat hulle hul plek sou kon vol staan in die tegniese en ekonomiese lewe en dat hy die probleme op 'n praktiese wyse wou oplos. Gevolglik doen hy die volgende aan die hand:(2)

In die aanvangklasse moes Duits as voertaal behou word, maar terselfdertyd kon 'n aanvang gemaak word met die aanleer van een van die ampstale, soos die geval in die Unie was. Vanaf St.2 sou die leerlinge dié ampstaal voldoende magtig wees om deur hierdie medium verdere onderrig te ontvang. Hierdie stelsel sou voordelig wees aangesien die kind sy eksamens in een van die ampstale kon aflê dog terselfdertyd hom ook verder in sy moedertaal kon verdiep. Die Eerste Minister het beklemtoon dat dit die plig van die staat was om vir die onderwys van die kind te betaal. Aan die anderkant het hy duidelik laat blyk dat dit in belang van die Duitse kind was om in dieselfde skoolstelsel ingesluit te word en daarom kon hy twee verskillende skoolstelsels nie goedkeur nie. Syns insiens behoort daar voorsiening gemaak te word vir genoeg regeringsondersteunde koshuise. In die proses van koshuisaanbieding sou dit bloot natuurlik wees om Duitse kinders in Duitse koshuise saam te trek. Ten slotte het hy aan die hand gedoen dat die Landesverband sy voorstelle oorweeg en die besonderhede later met die nuwe Administrateur bespreek.

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.18.
(2) Landes Zeitung, Nr.111, 16 September 1920.

Mnr. Junker het hom beleefd bedank en op verdere stellings en vrae van dr. Zersch, mnre. Kock en Beykirch het hy weereens bevestig dat die skoolstelsel wat hy in gedagte gehad het, die hele gebied moes insluit, dus ook die Realschule in Windhoek. Die besonderhede van die plan, ook t.o.v. die gebouekwessie, kon mettertyd in samewerking met die nuwe administrateur uitgepluis word. (1)

Die nuwe administrateur, mnr. G. R. Hofmeyr, wat saam met generaal Smuts gekom het, het sir Howard Gorges op 1 Oktober 1920 opgevolg. (2) Pas na sy bewindsaanvaarding het hy sy "tienpuntplan" bekend gemaak. Dit het die volgende behels: (3)

(i) Moedertaalonderrig tot en met St. 6.

(ii) In standerds bo St. 6 word Duits as vak daagliks vir een periode deur medium van Duitse onderrig.

(iii) Engels of Hollands of albei sal nie later as St. 2 ingevoer word nie.

(iv) Vanaf St. 7 sal die tweede taal, gekies deur die ouer, die voertaal wees.

(v) Alle bevoegde onderwysers tans in diens van die Landesverband wat onderrig gee tot St. 6, en alle onderwysers wat vir sekondêre onderrig benodig word, sal deur die Administrasie oorgeneem word.

(vi) Die onderwysers sal besoldig word soos in regeringskole.

(vii) Wat verlof, pensioen en ander voordele betref, sal onderwysers soos hul kollegas in regeringsskole behandel word.

---

(1) Ibid.

(2) Rapport van die Administrateur 1920, p.1.

(3) Ibid., p. 15.

(viii) By die vasstelling van salaris sal vorige ononderbroke diens in die gebied in aanmerking geneem word.

(ix) In groter sentra waar die omstandighede dit toelaat, en met inagneming van doeltreffendheid en besuiniging, sal die kinders vir die huidige toegelaat word om in aparte skoolgeboue en hoshuise te bly.

(x) Die Administrasie sal al die koste in verband met die onderwys dra.

Hierdie voorwaardes was die maksimum wat aangebied kon word en die Administrateur het gehoop op die spoedige „amalgamatie van de Duitse scholen met het tegenwoordige schoolstelsel." Dit het volgens hom gelyke kanse en volkome regverdigheid vir die Duitse kind verseker sodat die Duitse bevolking dit sonder verlies aan selfrespek kon aanvaar. Geen dwang sou in die saak uitgeoefen word nie, maar as die Duitssprekendes sou voortgaan met aparte skole, sou hulle op geen finansiële bystand van die staat kon reken nie. Onderhandelings en voorstelle tot wysigings sou simpatiek oorweeg word mits hulle binne die raamwerk van die tien punte val.(1)

Hoewel die Administrateur se aanbod aan die Landesverband op 3 November 1920 gedoen is, het die saak geruime tyd bly sloer. Intussen het die Landesverband soveel moontlik konsessies probeer verkry, o.a. in verband met

(1) Ibid., p.15.

geboue en onderwysers.[1] Die standpunt wat dr. Zersch teenoor generaal Smuts ingeneem het, nl. dat die geboue private besit was van die Bezirksverbände en dat geen proklamasie die wegneem van private eiendom kon wettig nie, is dwarsdeur gehandhaaf. Ook ten opsigte van leerkragte is steeds geëis dat slegs onderwysers, „die wirklich Deutsch als ihre Muttersprache in jeder Beziehung einwandfrei beherrschten und ausserdem tüchtige Fachmänner seien", gebruik moes word. Dit sou met enkele uitsonderings verseker dat net onderwysers wat hul opleiding in Duitsland geniet het, in aanmerking sou kom.[2]

Op 26 September 1921 het Administrateur Hofmeyr aangekondig dat hy op aanbeveling van die Landesbeirat die voorstelle van die Landesverband aanvaar het. Die ontwerp van 'n gewysigde onderwyswet sou dientengevolge op 19 Oktober 1921 aan die Landesverband vir kommentaar voorgelê word.[3]

Na oorweging hiervan antwoord die Landesverband op 23 Oktober dat hulle die voorgestelde wetsontwerp aanvaar. Voorts gee hulle kennis dat die volgende laerskole gewillig is om in die nuwe onderwysstelsel in te skakel: Gobabis, Grootfontein, Keetmanshoop, Klein Windhoek, Okahandja, Otjiwarongo, Outjo en Windhoek. Sommige skole t.w. Aus,

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule, Heft 3, September 1965, p.14.

(2) Allgemeine Zeitung Nr.113, 21 September 1921.

(3) Ibid., Nr.115, 26 September 1921.

Gibeon, Maltahöhe, Swakopmund en Usakos wou eers die verslae van hul afgevaardigdes na die Windhoekse saamtrek aanhoor en is dus tot 10 November tyd gegee om finaal te besluit. Aan die anderkant het Karibib, Lüderitzbucht, Omaruru en Tsumeb sowel as die Pro-Realschule te Swakopmund en die Realschule te Windhoek nie die aanbod aanvaar nie en voorlopig verkies om as privaatskole te bestaan soos daar in paragrawe 103-107 van die Ordonnansie voorsiening gemaak is.(1)

Uiteindelik het ook Omaruru toegegee(2) sodat dertien van die vyftien laerskole onder beheer van die Schulvereine ingeskakel het met 'n totaal van 367 kinders en 17 onderwysers. By vyf van die skole was koshuise met 128 kosgangers. Tien van die dertien skole het met bestaande regeringskole saamgesmelt. Die ander drie was op plekke waar geen staatskool bestaan het nie, maar hulle het direk onder die beheer van die Staat gestaan en is hoofsaaklik deur regeringsfondse onderhou.(3)

Volgens die Onderwysordonnansie wat vir alle skole op 1 Januarie 1922 in werking getree het, kon Duits as medium van onderrig vir die kinders van Duitse ouers gebruik word in alle standerds tot en met St.6, ooreenkomstig regulasies soos deur die Administrateur voorgeskryf.(4)

---

(1) Ibid., Nr.127, van 24 Oktober 1921.

(2) Die Deutsche Höhere Privatschule, Heft 3, September 1965, p.14.

(3) Rapport van die Administrateur 1921, p.15.

(4) Proclamation No.55 of 1921, published in Official Gazette No.73 of 17th December, 1921, art.91(a)

In 'n skool waar Duits die medium van onderrig was, is bepaal dat in alle standerds bo St. 1, alle kinders daagliks een les sou ontvang in òf Engels òf Nederlands. Sodanige les sou nie langer as 45 minute duur nie. Die keuse tussen Engels of Nederlands sou deur die Direkteur van Onderwys gedoen word, gelei deur die begeertes van die ouers, maar die Administrateur sou nie verplig wees om voorsiening te maak vir die onderrig van Nederlands en Engels waar Duits as medium in die skool gebruik word nie.[1]

Alle kinders wat Duits as medium gebruik het tot aan die einde van St.6, sal daarna een les per dag in die Duitse taal ontvang.[2]

Artikel 95 het die Direkteur van Onderwys gemagtig om in spesiale gevalle te reël vir godsdiensonderrig twee keer per week volgens 'n spesiale leerplan, goedgekeur deur die Direkteur. So 'n spesiale geval kom slegs voor waar 'n skool uitsluitlik deur Duitse kinders bygewoon word, en so 'n spesiale leerplan sal uitsluitlik vir Duitse kinders geld.[3]

Laasgenoemde was 'n verdere toegewing omdat normaalweg godsdiensonderrig daagliks gegee moes word in periodes van vyftien tot dertig minute. Dit was egter nie die enigste toegewings nie.[4] In die Aardrykskunde- en Geskiedenis-leerplanne is Duitsland ingesluit. Gedurende sangperiodes kon Duitse liedere gesing en in Rekenkunde die

---

(1) Ibid., art.91(b).
(2) Ibid., art.91(c).
(3) Ibid., art.95(d).
(4) Allgemeine Zeitung, Nr.116 gedateer 28 September 1921.

desimale stelsel aangeleer word. Die gebruik van Saterdag as skooldag was opsioneel. 'n Skoolpligtige kind kon na enige regeringskoshuis gestuur word.

Die tegemoetkoming van die Staat was 'n triomf vir die Landesverband. Hulle het feitlik alles verkry waarom hulle gevra het, waarvan die belangrikste was moedertaalonderrig tot en met St.6 deur hulle eie onderwysers. Voorts het hulle die inrigtings vir middelbare onderwys as private skole beheer, t.w. Swakopmund en Windhoek. Die aanbod van die Administrasie aan die Duitse ouers om hul kinders geheel deur medium van Duits te laat onderrig ooreenkomstig hulle eie metodes in die middelbare skool te Windhoek, is nie aanvaar nie,[1] sodat die pad na die laerskoolloopbaan nog steeds gekanaliseer was volgens die Duitse opvoedingstelsel; weliswaar sou die laaste slegs met opoffering kon benut word, maar die geleentheid was minstens daar. 'n Deel van die stryd is dus suksesvol gestry, die res sou volg.

## B. VOORTSETTING VAN DIE STRYD IN DUITSE PRIVAATSKOLE.

Die Landesverband het onmiddellik teen die nuwe Onderwysproklamasie beswaar gemaak, omdat daar nie voorsiening vir moedertaalonderwys in sekondêre standerds was nie. Verder wys hulle daarop dat, hoewel verpligte skoolbesoek in staatskole tussen die sewende en sestiende jaar 'n negejarige periode veronderstel, die gemiddelde kind op veertienjarige leeftyd slaag en dus slegs sewe jaar skoolpligtig is in vergelyking met die Duitse stelsel wat 'n

---

(1) Jaarrapport van die Administrateur 1921, p.15.

agjarige bywoning verseker. Hulle veroordeel ook die skoolkomiteestelsel soos deur die Ordonnansie vasgelê en meen dat sulke komitees nie veel invloed op die skoolwerksaamhede kan uitoefen nie.(1)

Daar is ook aangevoer dat drie of vier jaar studie van 'n vreemde taal in die laerskool as onvoldoende beskou is vir gebruik as medium van onderrig in die sekondêre skool; dat die peil van opvoeding, veral wat die sekondêre skool betref, in die Unie laer was as die in Duitse skole en derhalwe moes Duitse kinders na 'n Duitse hoërskool gestuur word; indien nodig kon Duitse leerlinge maklik na voltooiing van hul hoërskool kursus die Matrikulasie-eksamen aanvul waardeur hulle dan ewe goeie geleenthede tot betrekkings in die Unie of Suidwes-Afrika sou hê.(2)

Die reedsgenoemde vyf skole t.w. Karibib, Lüderitz, Windhoek, Tsumeb en Omaruru, met 'n inskrywing van 436 leerlinge het besluit om nie deel van die staatstelsel te word nie. Hulle moes egter daarop reken dat hulle geen finansiële steun van die Administrasie sou ontvang nie, aangesien ouers van bestaande Duitse afdelings aan regeringskole kon gebruik maak. Sekere artikels van die 1921 Onderwysproklamasie het bepaal watter verpligtinge op private

---

(1) Jaarrapport van die Administrateur 1922, p.40. Die Ordonnansie het afgewyk van die skoolradestelsel wat in Kaapland gangbaar was en het 'n skoolkomiteestelsel met beperkte voorgeskrewe magte in die vooruitsig gestel. Hulle moes algemene toesig oor die skool hou, insluitende die geboue en gronde, regulasies uitvoer soos opgedra, versoeke van ouers oorweeg en die Direkteur daaromtrent, en alle ander sake rakende die welsyn van die skool, adviseer (art.19).

(2) Lemmer: C.J.C., Onderwys in Suidwes-Afrika, p.134.

skole gerus het.[1] Hulle moes o.a. deur die prinsipaal of bestuurder by die kantoor geregistreer word en bewyse van kontrole lewer oor die inskrywing van leerlinge en diensdoende personeel. Hierdie bewyse moes op aanvraag verstrek of tydens inspeksie ter insae beskikbaar wees. Indien die Direkteur nié tevrede was met die toestand van die skool, die aard van die werk, die kwalifikasies van die leerkrag of die wyse waarop die skool bestuur word nie, het hy die reg gehad om die erkenning van bywoning aan so 'n skool te weier.

(a) DIE STRYD IN DIE LAERSKOLE.

Die toekoms van die drie laerskole, t.w. Karibib, Lüderitzbucht en Tsumeb wat nie wou inskakel nie, was alles behalwe rooskleurig. Genoegsame geldelike middele en doeltreffende akkomodasie was die grootste probleme. Hulle moes hardnekkig kompeteer met die staatskole waar boeke en skoolbesoek gratis voorsien en behoeftige kinders na gelang van omstandighede t.o.v. koshuisgelde tegemoet gekom is.[2] Daarby moet in aanmerking geneem word dat 1921-1922 jare van ernstige depressie was.[3]

Slegs die offervaardigheid van die bevolking maar veral die ondersteuning van die besighede en skenkings van mynmaatskappye kon hierdie skole se voortbestaan verseker. In Lüderitzbucht b.v. het die C.D.M. R600 aan die Schulverein geskenk, terwyl flinke werwing deur die vereniging die ledetal van 73-307 laat styg het.[4]

---

(1) Onderwysproklamasie Nr.55 van 1921, artikels 101-104.
(2) Ibid., artikel 75.
(3) Jaarrapport van die Administrateur 1922, p.7.
(4) Allgemeine Zeitung, Nr.126 van 21 Oktober 1920. (C.D.M. Consolidated Diamond Mining Corporation).

In Tsumeb het die Bergwerkgesellschaft die skool gefinansieer.(1) Juis omdat die voortbestaan van die skool hiervan afhanklik was, het hulle 'n geweldige terugslag ondervind toe die maatskappy sy ondersteuning in 1930 moes staak aangesien 'n wêrelddepressie die verdere ontwikkeling van die kopermyne onmoontlik gemaak het. In 1931 is hierdie laerskool dus deur die staat oorgeneem.(2)

Ten opsigte van genoegsame en behoorlike akkommodasie was daar eweneens 'n akute probleem. Hoewel administrateur Hofmeyr beloof het dat geen dwang op die privaatskole uitgeoefen sou word nie, het hy op grond van veranderde omstandighede dit goed gevind om die skroef te begin aandraai. Op 27 Augustus 1921 is 'n brief aan die Landesverband gerig met die aankondiging dat vanaf 1 Januarie 1922 die volgende huurgelde jaarliks vir die gebruik van skool- en koshuisgeboue betaalbaar sou wees:- Windhoek R3,500; Swakopmund R826 en Lüderitzbucht R560 met 'n totaal van R9,200 vir alle skole onder die Landesverband se behaer.(3) Hieruit moet afgelei word dat Karibib en Tsumeb gesamentlik R2,314 jaarliks verskuldig sou wees. Hierdie stap word gevolg deur 'n brief op 16 November 1921 aan die Schulverband waarin kennis gegee word dat alle skool- en koshuisgeboue op 1 Januarie 1922 ontruim moet word.(4) Die bestuur van die Landesverband lug hul misnoeë oor die wending van sake. Die gevoel is dat die Administrateur die weg van onderhandeling versaak het en deur „afpersing" 'n saak wil afdwing.

---

(1) Afrikanischer Heimatkalender 1952, p.54.

(2) Ibid., p.55.

(3) Allgemeine Zeitung Nr.105 van 3 September 1921.

(4) Ibid., Nr.142 van 28 November 1921.

Hulle wys bv. op 'n verdere aankondiging van 29 Augustus 1921 dat geboue opgeëis word, wat die Administrasie nie nodig het nie.[1]

Dit het 'n baie teer plekkie geraak. Dit was onmoontlik om weens die swak finansiële posisie nog bykomende laste te dra. Daar moes dus gesoek word na ander akkommodasie. In Lüderitzbucht het die laerskool op 12 November 1921 die gebruik van 'n gebou in Ringstraat, bekend as „das grosse Woermannhaus" met die sogenaamde „Kleinen Woermannhaus" daarby vir feitlik 'n onbeperkte tyd van 'n Duitse skeepsmaatskappy verkry. Hierdeur is hulle probleem van dakloosheid gelukkig afgeweer.[2]

Ook Karibib moet sy skool- en koshuisgeboue, wat deur die Duitse regering in 1907 opgerig is, aan die Mandaatadministrasie oorhandig en private geboue huur.[3]

As gevolg van die Londense Ooreenkoms het daar in 1924 verligting gekom vir die middelbare skole in Swakopmund en Windhoek en hierdie vergunning het die laerskole gesterk, sodat vanaf 1 Januarie 1925 hul agitasie om hulp met sukses bekroon is, toe 'n subsidie op 'n R vir R-basis ook na hulle uitgebrei is.[4] Hierdie stelsel van subsidiëring het in 1926 ten einde geloop. Vanaf Januarie 1927 tot 31 Maart

---

(1) Ibid., Nr.105 van 3 September 1921.

(2) Von der Pionierzeit zur Moderne, p.16.

(3) Höhere Privatschule Windhuk, 12. Jahresbericht, p.32.

(4) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika., p.25.

1932 het alle privaatskole 'n toelae van R10 per kind per jaar ontvang.[1]

In die geval van 'n skool gestig op 'n plaas of ander afgeleë plek, waar die Administrasie nie bereid was om 'n skool op te rig nie, was die toelae hoogstens R30 per jaar per leerling, wat in enige standerd tot en met standerd vier ingeskryf is en wat die sewende, maar nog nie die sestiende jaar nie, voltooi het.[2]

Van 31 Maart 1932 tot 31 Maart 1937 was 'n verdere wysiging van toepassing, deurdat R10 per jaar vir die eerste vyftig leerlinge, R8 per jaar vir die tweede vyftig leerlinge en R6 per jaar vir die res deur die staat bygedra is.[3] Vanaf 1 April 1937 af is die toelae aan alle privaatskole gestaak op plekke waar daar fasiliteite van owerheidsweë bestaan het.[4] Op hierdie stadium het dit egter met die privaatskole redelik goed gegaan, danksy goeie reënjare sedert 1934, sowel as mooi belangstelling van die kant van die publiek.[5]

## (b) DIE STRYD IN DIE HOëRSKOLE.

Van die vyf skole wat as private inrigtinge wou voortbestaan, was slegs twee, t.w. Windhoek en Swakopmund, aan middelbare onderwys verbonde. In Windhoek het die Realschule sedert 18 Oktober 1919 onder een dak met prof. Ghries

---

(1) Ibid.

(2) Onderwysproklamasie Nr.16 van 1926, art.121(2)(b).

(3) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.25.

(4) Von der Pionierzeit zur Moderne, p.19.

(5) Ibid., p.19. Gedurende 1937 het Lüderitz bv. nog 100 bykomende lede vir hul Schulverein gewerf.

as hoof bestaan.(1) Vanaf 1 Januarie 1922 is die laerskool (Volksschule) in die regeringstelsel opgeneem, maar die Realschule (Hoërskool) het geweier. Die interessante posisie het dus nou ontstaan dat 'n Duitse privaatskool en 'n Duitse regeringskool in een gebou saamgetrek was.(2)

Die aankondiging dat die Administrasie skool- en koshuisgeboue onder beheer van die Landesverband van 1 Januarie 1922 af sou opeis, het 'n groot geskarrel veroorsaak. Bittere verwyte is na die Administrasie geslinger. Die Administrateur het hom verweer deur daarop te wys dat dit 'n eenparige besluit van die Wetgewende Vergadering op 21 Oktober 1921 was.(3) Hy het geen beswaar gehad teen die bestaan van die Realschule nie mits vir die onderwys en die geboue deur die verantwoordelike instansies betaal word.(4)

Die Landesverband het nie hul weg oopgesien om die voorgestelde huurgelde te betaal nie, maar aan die anderkant kon hulle ook nie sonder meer na geskikte geboue oorskuif nie. Die Administrasie is derhalwe verwys na hul belofte dat die geboue in Swakopmund tot aan die einde van 1922 beskikbaar sou wees.(5) Mnr. Richter eis eerbiediging van die huurooreenkoms wat hulle verplig tot 'n kwartaal kennisgewing en pleit dat Swakopmund tyd gegun word tot 31 Maart 1922 i.p.v. 31 Desember 1921.(6) Die Administrasie het egter toegefliker opgetree as aanvanklik aangekondig. Die Realschule is tyd gegun tot 30 Junie 1922, toe hulle na

---

(1) Höhere Privatschule Windhuk, 12. Jahresbericht, p.32.
(2) Jubileumblad Orban Laerskool, p.15.
(3) Allgemeine Zeitung, Nr.105 van 17 Desember 1921.
(4) Ibid.
(5) Ibid., Nr.138 van 19 November 1921.
(6) Ibid., Nr.142 van 28 November 1921.

onderhandelings die gebruik van die ou Tentoonstellingsgebou kon bekom.(1) Ook in Swakopmund word mettertyd geskikte geboue gevind vir die middelbare skool aldaar,(2) maar desnieteenstaande het hulle 'n moeilike tyd tegemoet gesien. Hulle sou dus voortgaan om te agiteer vir groter tegemoetkoming, ten einde hul voortbestaan te verseker.

Hiertoe het hulle op hierdie tydstip veral twee argumente na vore gebring. Eerstens het die Administrasie met die nuwe onderwyswetgewing geen voorsiening gemaak vir hoër onderwys van Duitssprekende leerlinge nie en tweedens het hulle konsiderasie as Mandaatburgers geëis want Artikel 2 paragraaf 2 van die Mandaat lui: „Die Mandataris sal sy uiterste bes doen om die sedelike welsyn en maatskaplike vooruitgang van die inwoners van die Gebied te bevorder onderworpe aan die huidige Mandaat".

Uiteindelik is hul eise om geldelike steun met sukses bekroon toe generaal Smuts na onderhandelings met die Duitse Ryksregering die Londense Ooreenkoms op 23 Oktober 1923 onderteken het.(3) Artikel 3 van hierdie memorandum het gelui dat die Administrasie by wyse van spesiale vergunning die twee Duitse skole te Swakopmund en Windhoek vir 'n tydperk van twee jaar op 'n R vir R-basis sou subsidieer. Die subsidie sou egter nie hoër wees as 50% van die totale uitgawe van die betrokke skole vir die voorafgaande twaalf maande nie.

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.18.
(2) Afrikanischer Heimatkalender 1952, p.54.
(3) Jaarrapport van Administrateur 1923, art.64.

Die subsidie was egter onderhewig aan die volgende voorwaardes:-

(i) Dat die betrokke skole onderworpe sou wees aan gewone inspeksie soos uitgeoefen in regeringskole en

(ii) Dat die standaard van werk op dieselfde peil moes wees as diè van regeringskole.

Hierdie bepaling het tot gevolg gehad dat Afrikaans naas Engels as Tweede vreemde taal gestel is en Frans na die derde plek verdring is. Voorts is uitdruklik gestipuleer dat die finansiële ondersteuning nie 'n versaking van die Administrasie se aangekondigde onderwysbeleid impliseer nie.[1]

Van 1 Januarie 1925 af het die koshuise verbonde aan die Duitse privaatskole te Swakopmund en Windhoek ook tegemoetkoming verkry t.o.v. die huur. Die maksimum bedrag is deur die regering vasgepen op R600 en R300 respektiewelik.[2] Voorts het dieselfde bepalings gegeld soos reeds t.o.v. laerskole vermeld.

## C. GEVOLGE VAN DIE BESLUIT.

Die keuse van die vyf skole om as private inrigtings voort te bestaan, was beslis nie die maklikste weg nie. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat verskillende faktore meegehelp het om die stryd te bemoeilik. Die belangrikste hiervan was die onverwagte depressie van 1921-1922, die oorname van skool- en koshuisgeboue onder beheer van die

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.18.

(2) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.25.

Landesverband deur die staat en die kompetisie met die regeringskole waar boeke, skryfbehoeftes en skoolgeld gratis en losiesgelde op meriete vasgestel is.[1] Die offervaardigheid van mense in die handelswêreld, die skenkings van skeeps- en mynmaatskappye en die vasberadenheid van die Duitse publiek om hulleself te bly handhaaf, het hul egter instaat gestel om die eerste maer jare te oorbrug. Daarna het sake 'n gunstiger wending geneem, danksy die Londense Ooreenkoms en 'n reeks aangekondigde tegemoetkomings waardeur groter finansiële steun aan skole en koshuise toegesê is. Hierdie tegemoetkomings het 'n merkbare groei in die leerlingtal van die private skole tot gevolg gehad. Aanvanklik was daar 'n daling, te wyte aan die depressie toe ouers hul kinders tuis op hul plase self onderrig het, weens haglike ekonomiese toestande. Aan die einde van 1923 het die laerskole afgesluit met 354 skoliere en 19 personeellede in die privaatskole.[2] Op die ooreenstemmende datum was daar 385 Duitssprekende leerlinge in die regeringskole of te wel 52% uit 'n totaal van 739. Gedurende 1928 lyk die prentjie heelwat anders. Dan is daar 907 kinders in die privaatskole en 575 in regeringskole. Uit 'n totaal van 1482 is dus slegs 38.8% in die regeringskole.[3]

Die jaar 1926 bring met die diensaanvaarding van mnr. A.J. Werth as Administrateur op 31 Maart, 'n hersiening en konsolidasie van onderwyswetgewing mee.[4] Artikels 106 en 107 het vir die Duitse bevolking belangrike toege-

---

(1) Jaarrapport van die Administrateur 1922, p.40.
(2) Jaarrapport van die Administrateur 1923, p.33, 34.
(3) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.35.
(4) Onderwysproklamasie No. 16 van 1926.

wings ten opsigte van hul taalregte bevat, naamlik :-

(i) Duitssprekende leerlinge kon Duits as vak in die skool neem in alle standerds tot en met St.10.

(ii) Ooreenkomstig Artikel 107 was dit geoorloof om Duits as die enigste medium van onderrig in alle standerds tot die sesde standerd te gebruik en as hoofmedium van onderrig in alle standerds bo die sesde standerd.

Hiermee het die Duitssprekendes weereens 'n groot oorwinning ten opsigte van moedertaalonderrig behaal. Ten einde die kritiek, nl. dat in staatskole geen voorsiening gemaak is vir Duits-mediumklasse in hoërskole nie, die hoof te bied, het die regering van Januarie 1927 af sodanige klasse aan die Windhoekse Hoërskool ingestel. Twee akademies goedonderlegde Duitse onderwysers uit Duitsland is tot die personeel toegevoeg ten einde hierdie klasse waar te neem.(1) Na onderhandeling met die Matrikulasieraad in 1927 het die Direkteur van Onderwys daarin geslaag om die vereistes vir die Matrikulasie-eksamen sodanig gewysig te kry dat Duitssprekende leerlinge hul eksamen gedeeltelik in hul moedertaal kon aflê, waardeur hulle toelating tot Suid-Afrikaanse Universiteite kon verkry.(2) Volgens dr. Frey, elf jaar lank onderwyser aan die Realschule, was die vakke wat hierdeur geraak is Duits, Geskiedenis, Chemie en Fisika, Biologie en Wiskunde.(3)

Volgens art.8(b) van die Londense Ooreenkoms het die Administrasie ook onderneem om 'n opvoedkundige sentrum te

---

(1) Afrikanischer Heimatkalender 1952, p.55.

(2) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.27.

(3) Afrikanischer Heimatkalender 1952, p.55.

Swakopmund uit te bou. Die privaatskool aldaar kon weens veelvuldige verpligtings nie meer die mas opkom nie en was dus geensins ongeneë toe onderhandelings vir oorname tussen die Schulverein en die Administrasie begin het nie. Hoewel die onderhandelings in 1927 begin is, het dit gesloer todat die Duitse Departement van Buitelandse Sake, terwyl die Administrateur in Europa was, regstreeks met hom onderhandel het. Hieruit het die sogenaamde Paryse Ooreenkoms ontstaan.(1) Dit was in wese 'n ontwerpooreenkoms vir die oorname van die skool wat met 'n paar geringe wysigings aanvaar en op 13 en 14 April 1929 deur die twee partye, nl. die Administrasie en die Schulverein respektiewelik, onderteken is.(2)

Volgens hierdie ooreenkoms het die Duitse afdeling van die staatshoërskool Windhoek, die staatsafdeling van die Sekondêre Skool, Swakopmund en die Duitse skool aldaar geamalgameer, ten einde 'n Deutsche Höhere Schule te Swakopmund tot stand te bring. Dit sou regstreeks onder beheer van die Onderwysdepartement val en opleiding verskaf aan Duitssprekende leerlinge bo St.6, op so 'n wyse dat hulle na Matriek aansluiting by die Suid Afrikaanse- en Duitse universiteite kon vind. Vir die geboue, ameubelment en boeke sou die Schulverein vergoed word na waardasie deur twee deskundiges, een van die Administrasie en een van die Schulverein. 'n Spesiale leerplan, geskoei op die lees van die oorspronklike van die Schulverein, maar goedgekeur deur die Administrasie, sou in werking tree. Bestaande

---

(1) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.28.

(2) Jaarrapport van die Administrateur 1929, p.46.

kontrakte met onderwysers is erken en waar nuwe aanstellings noodsaaklik geword het vir die onderrig deur medium Duits, sou slegs behoorlik opgeleide Duitse onderwysers gewerf word, met dien verstande dat hul reiskoste van en na Hamburg deur die Administrasie gedra word. Die voertaal in die skool sou dwardsdeur Duits wees, behalwe in drie vakke, nl. Afrikaans, Engels en nog een vak - waarskynlik Latyn, Wiskunde of Rekenkunde.

Met die oorname van die Duitse skool in Swakopmund is die Duitse afdeling van die Windhoekse Höerskool aan die begin van 1930 oorgeplaas na Swakopmund. Hierdie stap het die aantal Duitse leerlinge aan 'n staatshoërskool van 23.1% in 1928 na 59.6% in 1932 laat styg.[1]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Duitssprekendes onder baie moeilike omstandighede daarin geslaag het om steeds meer en meer tegemoetkoming van die Administrasie te verkry. In plaas van onsimpatieke dwang het die Administrasie deur toegewings en steun 'n gesindheid van welwillendheid geopenbaar. Dit is verder bevestig deur die aanstelling van 'n tweede Inspekteur van Skole in 1923 in die persoon van dr. K. Frey, In Duitssprekende onderwyser aan die Realschule wat beskou is as 'n kenner van die Duitse skoolwese en 'n vriend.[2] Dit sou bepaald bygedra het tot meer doeltreffende begrip en beheer van Duitse afdelings aan staatskole.

Dr. Frey het hierdie pos beklee tot en met die uit-

---

(1) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.35.

(2) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.18.

breek van die Tweede Wêreldoorlog.(1)

## D. INSTELLING VAN ABITUR.

Bo en behalwe die stryd om voort te bestaan het die Realschule te Windhoek steeds die ideaal bly koester om te ontwikkel tot 'n „Oberrealschule" of die skool uit te bou tot 'n "Volanstallt" wat na Matriek 'n voor-universitêre jaar aangebied het, om sodoende aansluiting te verskaf aan skoliere wat Duitse universiteite wou besoek.

Weens die stabilisasie van die wisselkoers in Duitsland kon groter hulp na die aanvanklike moeilike na-oorlogse jare uit daardie oord verleen word. Groothartige skenkings, soos die van die Corpsstudenten in Coesener S.C. Verband, het die aankoop van grond sowel as die inrigting van 'n handwerkafdeling verwesenlik.(2)

Prof. Ghries word in 1927 opgevolg deur dr. Koerner. Hy het Latyn as vak in St.7 bygevoeg en St.9 ingestel. Die gevolg is dat die eerste drie kandidate Abitur in 1929 kon slaag.(3)

Weens die veranderende omstandighede is die leerplan aangepas, deurdat Engels in die plek van Frans as eerste vreemde taal gekom het en Afrikaans as tweede vreemde taal erken is. Frans is dus verdring na die derde plek. Op hierdie wyse is dit vir skoliere moontlik gemaak om na voltooiing van Abitur bykomende eksamen in die amptelike

(1) Verslag van die Kommissie i.s.die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.51.

(2) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.14.

(3) Ibid., p.1.

landstale te doen en daardeur toelating tot 'n Suid-Afrikaanse universiteit te verkry.[1]

Die eerste Abitur kandidate te Swakopmund het in 1930 geslaag. Dit is moontlik gemaak deur die ooreenkoms met oorname van die Duitse skool aldaar, waardeur die Administrasie hom verbind het om so 'n Oberprima-klas toe te laat, mits die skoolkomitee (Schulverein) jaarliks 'n bedrag sou waarborg wat gelykstaande was aan die gemiddelde salaris van 'n universiteits-opgeleide onderwyser.[2] Die eerste vyf kandidate is aan die einde van die reedsgenoemde jaar geëksamineer.[3]

Genoemde ooreenkoms het vyf jaar lank bestaan. Op 10 April 1934 het die Direkteur van Onderwys die Swakopmundse Skoolkomitee kennis gegee dat die ooreenkoms op 31 Desember 1934 sou verval. Daar is verskillende redes aangevoer vir hierdie besluit, onder andere:-[4]

(i) Dat die Onderwysowerhede in Duitsland skynbaar paragraaf 4 van die ooreenkoms onaanvaarbaar gevind het, sodat ten spyte van genoemde bepaling, die Suidwes-Administrasie nooit stemreg uitgeoefen het tydens die finale eksaminering van kandidate nie.

(ii) Dat die Elternbeirat in gebreke gebly het om die vasgestelde bedrag jaarliks by te bring. Inteendeel, hulle het herhaaldelik probeer om die bedrag waartoe ooreengekom is, verminder te kry as gevolg aan agter-

---

(1) Afrikanischer Heimatkalender 1952, p.55.

(2) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, Bylaag 7.

(3) Ibid., Tabel 3, p.35.

(4) Ibid., p.29, 30.

stalliges.

(iii) Dat in 1932 daar geen bydrae deur die Elternbeirat gedoen is nie omdat daar geen Oberprima-klas was nie. Aan die anderkant het die Elternbeirat versuim om die Departement van Onderwys vroegtydig hieromtrent in kennis te stel. Hoewel daar ernstige rede vir besparing was, kon die personeel nie op 'n latere stadium verminder of die vakaanbieding verander word nie.

Die Administrasie was gewillig om van 1 Januarie 1935 af voort te gaan met die Oberprima-klasse, mits die agterstallige gelde tot 31 Desember 1934 en 'n jaarlikse bedrag van R1,100 as bydrae betaal word, ook vir die jare wat daar geen kandidate vir Abitur is nie.(1) Voorts was die Departement gewillig om die destydse reëlings in sake eksaminering te aanvaar, maar hulle sou dit verwelkom indien die Onderwysowerhede in Duitsland die toestemming sou verleen dat een lid van die Elternbeirat as hul verteenwoordiger op die paneel van eksaminatore benoem word.(2)

In Februarie 1937 het die Elternbeirat die Direkteur van Onderwys meegedeel dat aangesien die tydsduur van die kursus wat tot Abitur lei in Duitsland met een jaar verkort is, die behoefte vir 'n Oberprima-klas (St.11) nie meer bestaan nie en die klasse dus gestaak kon word.(3) Die Departement het dit aanvaar "not desirous of exercising any influence on the determination or writing of this examination".(4)

---

(1) Ibid., p.32.
(2) Ibid.
(3) Ibid.
(4) Ibid.

Van hierdie datum af is die Abitur en Matrikulasie-eksamens gelyktydig afgelê. Aangesien slegs 'n klein gedeelte van die sillabusse ooreengestem het, het dit geweldige oorlading vir die kandidate beteken. Die eksamenuitslae het verswak en in 1939 het geen kandidaat in die Matrikulasie-eksamen te Swakopmund geslaag nie.(1)

Aan die begin van 1939 het die Direkteur van Onderwys die besonder moeilike posisie van Duitse leerlinge voor die Matrikulasieraad verduidelik, en daarop is die vergunning toegestaan dat vanaf 1 Januarie 1940 die volgende vakaarbieding toelaatbaar sou wees vir Matriek: (1) Duits Hoër Graad. (2) Engels Gewone Graad. (3) Afrikaans Gewone Graad. Die orige drie vakke gekies in ooreenstemming met die regulasies, mag in Duits beantwoord word.(2) Hierdie tegemoetkoming het beteken dat Engels Laer voortaan gekies kon word en dat, waar vroeër slegs twee vakke in Duits beantwoord kon word, ook die derde vak nou hierby ingesluit is.(3)

In totaal skyn dit volgens die beskikbare gegewens, of daar 38 kandidate in Swakopmund en 70 in die Oberrealschule te Windhoek tot aan die einde van 1939 die Abitur gevolg het.(4) Na hierdie datum is die bepaalde eksamen afgeskaf.

## E. VERWIKKELINGE OP DIE POLITIEKE FRONT.

Die stryd van die Duitssprekendes om die behoud van hul eie het nie tot die skoolwese beperk gebly nie. Tewens,

---

(1) Jaarrapport van die Administrateur 1939, art.474.

(2) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.32, 33.

(3) Ibid., p.33.

(4) Ibid., p.35.

van die begin af, d.w.s. na die Vrede van Versailles, was die onderwyskwessie soms slegs 'n onderafdeling op die tafel van beraadslaging oor staatkundige en burgerlike probleme. Die basis vir onderhandelinge wat deur die Londense Ooreenkoms in 1923 neergelê is, het slegs t.o.v. punte 3, 8(a) en (b) oor skole gehandel, terwyl die ander artikels kerk, maatskappy, immigrasie, pensioen, militêre diens, ensovoorts gedek het.

Tog kan die onderwysstryd nie losgemaak of afgesonder word van die ander elemente wat die Duitser se politieke en kulturele erfenis geraak het nie. Dit was intiem daarmee verweef en het, soos sal blyk, soms 'n handige instrument geword om politieke ideale te verwesenlik. Namate die stryd op onderwysgebied gewen is, het politieke bedrywighede op opvoedkundige vlak al meer begin deurskemer, totdat die Administrasie verplig was om daarteen op te tree. Treffend was ook die feit dat, waar in die skoolstryd 'n sekere deel van die gemeenskap opgeneem is in die staatstelsel, die belange van diegene in die private skole nie vergeet is nie. So is by wyse van onderhandeling met die oorname van die Duitse Privaatskool te Swakopmund in paragraaf 8 spesifiek neergelê dat, ten spyte van die ooreenkoms tussen Schulverein en Administrasie, „die Duitse privaatskole ook verder die maksimum ondersteuning van die Administrasie (sou) geniet, soos deur die regulasies van tyd tot tyd omskrywe". (1)

## (a) AGITASIE VIR DUITS AS DERDE AMPSTAAL.

Die stryd om moedertaalonderrig op die gebied van die

---

(1) Ibid., Bylae 7.

skoolwese is op staatkundige vlak gerugsteun deur die agitasie om die erkenning van Duits as ampstaal. Volgens die Verdrag van Versailles het die Duitsers in Suidwes-Afrika hul Duitse burgerskap behou en kon die Mandaathouer kragtens art.122 hulle repatrieer of laat bly op voorwaardes soos deur hom voorgeskryf. In ooreenstemming met hierdie magte is gehandel. Sommige is gerepatrieer en andere is toegelaat om hier te woon. Die Unie-regering was egter die mening toegedaan dat dit onbillik sou wees om die Duitse onderdaan, wat 'n groot gedeelte van die blanke bevolking uitgemaak en 'n vername rol in die ontwikkeling van die land gespeel het, uit te sluit uit enige seggenskap in die landsadministrasie. Alvorens hulle egter daaraan kon deelneem, moes hulle burgers word, en hierdie probleem het veel hoofbrekens veroorsaak, selfs nadat by wyse van wetgewing 'n oplossing gesoek is.(1)

Intussen het die Unieregering probeer om die Duitse onderdane tegemoet kom. Volgens artikel 2 van die Londense Ooreenkoms(2) sou die Administrasie alle geleentheid bied vir die vrye gebruik van die Duitse taal. Daar sou geen beswaar wees teen die gebruik daarvan in staatskantore of in korrespondensie met hierdie kantore nie. In antwoorde op sulke korrespondensie sou amptenare sovêr moontlik dieselfde medium gebruik. Voorts sou vertalings in Duits van die Offisiële Gaset wat regeringskennisgewings en- wette bevat, van tyd tot tyd gepubliseer word.

Na die outomatiese naturalisasie van die Duitsers

---

(1) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.5.

(2) Ibid., Bylae 1.

in Suidwes-Afrika,[1] kon hulle deelneem aan die voorregte van selfbestuur, wat volgens die Suidwes-Afrika Konstitutie Wet Nr.25 van 1925, aan die burgers van die land verleen is. Hulle het ten volle daarvan gebruik gemaak en tydens die eerste algemene verkiesing daarna in 1926 daarin geslaag om sewe van die twaalf setels in die Wetgewende Vergadering te verower. Tydens die eerste sitting van die Wetgewende Vergadering het die verkose Duitse lede sterk daarop aangedring dat die Unieregering Duits tot 'n derde amptelike taal moes verhef.[2] Dit sou 'n wysiging van die Suidwes-Afrika Konstitusie Wet tot gevolg hê, 'n saak wat by die Unie-regering berus en die Administrasie het op 'n vraag in April 1927 geantwoord dat die regering „does not contemplate legislation in the direction desired".[3]

Gedurende die tweede helfte van 1931 het die Duitse en Unie-groepe in die Wetgewende Vergadering 'n beweging op tou gesit, ten einde 'n verstandhouding te bereik met die oog op beter bestuur en die ekonomiese ontwikkeling van die land. Hulle was van mening dat dit alleen verwesenlik kon word indien Suidwes-Afrika uitgebreider magte vir sy Wetgewende Vergadering en Uitvoerende Komitee kon verkry. Om egter nouer samewerking te bewerkstellig, moes daar ooreenstemming bereik word oor die volgende sake:

(i) Die erkenning van Duits as 'n derde offisiële taal in die gebied; en (ii) die voorwaardes waaronder

---

(1) Suidwest-Afrika Naturalisatie van Vreemdelingen, Wet Nr.30. van 1924.

(2) Verslag van die Suidwes-Afrika Kommissie, U.G. Nr. 26, 1936, p.11, 12.

(3) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.13.

Duitsers, in die gebied gedomisilieer, genaturaliseerde Unie-onderdane kon word.[1]

Na langdurige onderhandelings is oor hierdie sake wel ooreengekom en 'n afvaardiging het in Maart 1932 verskillende onderhoude met die Eerste Minister te Kaapstad gevoer. Hy het onderneem om sover nodig die erkenning van Duits as derde offisiële taal in die gebied te vergemaklik.[2] 'n Ontwerpordonnansie is selfsdeur die Suidwes-Afrika-Administrasie in die buitengewone Offisiële Koerant Nr.463 van 25 April 1932 gepubliseer.[3] Voordat wetgewing hieromtrent egter ingedien kon word, is die Duitse en Unie-groepe deur onderlinge twis en misverstand uit mekaar gejaag. Daar is aanvanklik gehoop op 'n skikking, maar namate die propaganda vir Nasionaal Sosialisme aktiewer geword het, het die kloof tussen die twee partye al wyer geword.[4] Desnieteenstaande sou die saak nie daar gelaat word nie. Selfs so laat as 7 April 1938 het dr. Hirsekorn die volgende mosie in die Wetgewende Vergadering ingedien:-[5]

„Dat die huis van oordeel is dat dit gewens en dienstig is ten einde die gemoedere van die verskillende dele van die bevolking tot rus te bring en ten einde 'n meer billike deelname aan die bestuur van die Gebied deur alle seksies van die bevolking te verkry, dat deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika wetgewing ingevoer word om voorsiening te maak vir onder andere die erkenning van Duits as 'n

---

(1) Verslag van die Suidwes-Afrika Kommissie, U.G. 26 van 1936, p.13.

(2) Ibid., p.14.

(3) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.14.

(4) Verslag van die Suidwes-Afrika Kommissie, U.G. 26 van 1936, p.14.

(5) Jaarrapport van die Administrateur 1938, p.12.

offisiële taal van die Gebied soos uiteengesit in die besluit eenparig deur hierdie huis gepasseer op 27 April 1933".

Hierdie mosie is egter verwerp. Daar was te veel tekens van spanning en openlike verset.

(b) TEKENS VAN VERSET.

Behalwe die pogings om Duits tot ampstaal verhef te kry, het die saak van burgerskap voortdurend aandag geniet. Die Duitsers wou Wet Nr.4 van 1910 in Suidwes-Afrika in werking sien. Hulle het gekla dat die toepassing van die bepalings van die „Wet op Britse Nasionaliteit in die Unie en Naturalisasie en Status van Vreemdelinge 1926", 'n verbreking van die Londense Ooreenkoms, paragraaf 5, was. Die Wet wat outomatiese naturalisasie bewerkstellig het, die „Zuidwest-Afrika Naturalisatie van Vreemdelingen Wet, 1924", het wel na die wet van 1910 verwys met die doel om die omvang van die outomatiese naturalisasie te bepaal en voorsiening vir toekomstige naturalisasie te maak. Daar is egter die nuwe Naturalisasie-wet van 1926 aangeneem en op Suidwes-Afrika toegepas. Dit het in plaas van 'n periode van inwoning van twee jaar as voorwaarde vir naturalisasie bepaal, dat die applikant nie minder nie as vyf jaar in 'n Britse dominium en ten minste een jaar in die Unie moes gewoon het.[1] Hul agitasie was dus vergesog, want by implikasie sou dit beteken het dat hulle as Duitsers na twee jaar inwoning in Suidwes-Afrika Unie-burgerskap sou kon verwerf, terwyl immigrante in die Unie self minstens vyf jaar daar woonagtig moes gewees het, om vir dieselfde

(1) Verslag van die Suidwes-Afrika Kommissie, U.G. Nr.26 van 1936, p.57.

voorreg te kon kwalifiseer.

Desnieteenstaande het die Deutsche Bund op 25 Februarie 1929 'n memorandum aan die Eerste Minister voorgelê om skriftelik hul griewe hieromtrent te lug. Die bewoording van die dokument is kras en kom feitlik op 'n ultimatum neer.(1)

Die kern van die probleem het skynbaar by die outomatiese naturalisasie gelê. Dit was as 'n verkiesingbepaling bedoel wat egter die applikant 'n dubbele trou deelagtig gemaak het, dit wil sê teenoor Duitsland en die Unie van Suid-Afrika. Wetlik was hulle burgers van die Unie van Suid-Afrika, maar in hul harte het baie van hulle die bande met Duitsland nooit verbreek nie. Hierin is hul deur leiers van die Nazi-party vanuit Duitsland gesteun. Hulle moes op „Gleichberechtigung" op politieke gebied aandring, maar terselfdertyd het Ritter Franz von Epp geadviseer dat „Duitsland nie sy onderdane deur naturalisasie verloor, as hulle hul nie as verlore oorgee nie".(2) Daar is dus openlik propaganda gemaak vir die teruggawe van Suidwes-Afrika aan Duitsland. Toe Suid-Afrikaanse lede van die Wetgewende Vergadering op 26 April 1927 'n voorstel indien, waarin aangedring is op die staking van hierdie propaganda, het die Duitse lede uit protes die vergadersaal verlaat.(3)

Nog 'n verdere blyk van verset het gekom van die

---

(1) Ibid., p.51. „(aan) die vrede tussen Suid-Afrikaners en Duitsers, waarvoor 'n weg in 1924 gebaan is, het 'n einde gekom ........"

(2) Ibid., p.53.

(3) Jaarrapport van die Administrateur 1939, art.72.

prinsipaal van die Karibibse Laerskool wat die reg van die Inspekteur van Skole om by sy skool inspeksie te doen, in twyfel getrek het. Die skoolhof is in sy houding deur verantwoordelike elemente gesteun.[1] Die Deutscher Bund het in hul reeds genoemde memorandum aan die Eerste Minister ook van die taalkwessie melding gemaak en die Suidwes Administrasie van inmenging in die bestuur van die Duitse privaatskole beskuldig omdat hulle gedwing was om dieselfde leerplanne te volg wat in staatskole van toepassing was. 'n Teendeputasie van die Unie-seksie kon die Eerste Minister egter wys op die belofte tydens die Londense Ooreenkoms om die leerplanne in Duitse skole in ooreenstemming te bring met dié wat in die staatskole gebruik was. Die Duitse deputasie moes dus onverrigtersake huiswaarts keer.[2]

Ekonomiese faktore het egter die twee groepe na mekaar gedryf. 'n Depressie gedurende 1930, en die feit dat Engeland in September 1931, van die goudstandaard afgestap het, gevolg deur 'n langdurige droogte in die land wat eers aan die einde van 1933 'n keerpunt sou bereik,[3] het die houding van die twee partye teenoor mekaar beïnvloed. Hulle het nouer samewerking gesoek. Die Unie-seksie was bereid om ter wille van groter bevoegdhede vir beide die Vergadering en die Uitvoerende Komitee die prys te betaal wat deur die Duitsers gestel is om sodoende hulle steun te verkry. Die voorwaardes was :-

(i) Die erkenning van Duits as derde offisiële taal in die Gebied;

---

(1) Ibid.

(2) Jaarrapport van die Administrateur van 1939, art. 73.

(3) Verslag van die Suidwes-Afrika Kommissie, U.G. Nr. 26 van 1936, p. 15.

(ii) Die onmiddellike outomatiese naturalisasie van alle Duitsers in die gebied op 31 Desember 1931; en

(iii) Die toekomstige naturalisasie van Duitse immigrante na 'n verblyf van twee jaar in plaas van vyf jaar.(1)

Voordat die ooreenkoms tot wetgewing kon lei, het verskillende gebeurtenisse sake weer vertroebel. In Grooot-fontein het 'n kandidaat tydens 'n tussenverkiesing beweer dat „vir ons Duitsers is die beste man altyd 'n Duitser, vir die Afrikaners altyd 'n Afrikaner en vir die Engelse altyd 'n Engelsman."(2)

'n Agitasie is verder op tou gesit waarby die Administrasie, die Wetgewende Vergadering en die Mandataris in alles wat hy gedoen het, afgekeur is. Die leiers van die Duitsers het geweier om hul invloed te gebruik om aan hierdie wantroue veldtog 'n einde te maak.(3)

Aan die anderkant het die Duitse groep mnr. Niehaus, een van die leiers van die Unie-seksie, verkwalik dat hy 'n beweging op tou gesit het ten gunste van die beheer van Suidwes-Afrika as 'n vyfde provinsie van die Unie.(4)

(c) OPENLIKE PROPAGANDA.

'n Nuwe wanklank het nou na vore gekom. Dit het saamgeval met die bewindsaanvaarding van die Nazi-party in Duitsland. In Julie 1933 het 'n sekere dr. Brenner van Duitsland aangekom met magte en fondse vir die Nazifikasie van alle Duitse inrigtings in die land. Alle organisasies -

---

(1) Jaarrapport van die Administrateur 1939, art.73.
(2) Allgemeine Zeitung, 17 September 1932.
(3) Jaarrapport van die Administrateur, 1939, art.76.
(4) Verslag van die Suidwes-Afrika Kommissie, U.G. Nr.26 van 1936, p.14.

maatskaplik, kultureel en opvoedkundig - is op diktatoriale wyse tot die Nazi-kompleks gedwing. Die skole het kweekplekke vir Nazi-rekrute geword. Uittartende optogte is georganiseer, die Unievlag is van die Goewermentsgebou gestryk en die Duitse vlag in die plek daarvan gehys. Die Duitse Konsul te Windhoek het die Direkteur van Onderwys in Desember 1933 aangespoor om Geskiedenis in die Duitsmedium Goewermentskole met 'n Nasionaal-Sosialistiese partydigheid te laat doseer. Aangesien die Direkteur geweier het, het die Nazi-party self die taak onderneem. Die Auslandsabteiling te Hamburg het op 10 Maart 1934 by wyse van omsendbriewe opdragte aan alle distriks- en plaaslike organisasies van die Nazi-party in oorsese lande gestuur. Hierin is o.a. bepaal:

„Dit sal die taak van die Vaderland wees om toe te sien dat slegs sulke onderwysers, as wat vas wortel geskiet het, in die NasionaalSosialistiese gees, toegelaat sal word om die Duitse jeug in die buiteland op te voed".(1)

Daar was egter nie oral inskiklikheid met die verwikkelinge nie. So het dr. E. Wallberg, hoof van die Oberrealschule te Windhoek, beswaar gemaak teen die afpersing van formele beloftes van onvoorwaardelike onderhorigheid aan die leiers van die Hitlerjugend, op grond daarvan dat sulke beloftes afbreuk doen aan die ouerlike gesag. Hy word dus as 'n struikelblok en „ernstige gevaar vir ons beweging en van ons jeug se opvoeding beskou ...... hy en sy vrou is kragtige reaksionêres en begunstig die Afrikaners".(2)
In samewerking met die Hoofkantoor word die nodige stappe in Hamburg gedoen om dr. Wallberg se terugkeer na Suidwes-

---

(1) Ibid., art.264.

(2) Ibid., art 265. Ook brief dr. E. Wallberg, Hamberg, 9 September 1966.

Afrika te voorkom.[1]

Hierop het maj. Weigel in Junie 1934 aan die leier van die Deutscher Bund geskrywe:

„Die Duitse Ryk en die N.S.D.A.P. (National Sozialistische Deutsche Arbeiters Partei) is vandag een en die Duitse skool is bo alles 'n Duitse saak, en nie 'n Suid-Afrikaanse saak nie".[2]

Intussen is die Padvinder-beweging geherorganiseer as die Hitlerjugend, waardeur die invloed van die Nazi-party vanuit Duitsland gekanaliseer is. Vir die dogters is die Bund Deutscher Mädchen gestig en geplaas onder beheer van die vrou van die Hitlerführer, Von Lossnitzer, wat spesiaal na Suidwes-Afrika gestuur is om as skakel met die Auslandsabteilung te dien.[3] Tog is die bedrywighede van die organisasies so vermom dat die Administrasie hulle as onskuldig aanvaar het totdat tydens 'n „Tag der Deutschen Jugend" die gemoedere so in beroering gebring is dat die kantore van die verenigings op 11 Junie 1934 gestroop en op sekere dokumente beslag gelê is. Die volgende dag is die Hitlerjugend in die ban gedoen.[4]

Hierop het gevolg Proklamasie Nr.24 van 1934 wat onderwysers verbied het om aktief aan politiek deel te neem. Dit het verder bepaal dat die Direkteur van Onderwys vooraf goedkeuring moes verleen tot die aanstelling van alle onderwysers in privaatskole.

Artikel 120 van die Onderwysproklamasie is daarna ook

---

(1) Ibid., par. 266.
(2) Ibid., par. 267.
(3) Ibid., par. 268, 269.
(4) Goewermentskennisgewing Nr.88 van 1934.

gewysig en sodoende is die reg verleen aan die Direkteur van Onderwys om 'n skool te sluit en dit as 'n oortreding te beskou om in 'n skool onderrig te gee wat nie beantwoord aan die vereistes soos deur die staat gestel nie.[1]

Opsommend kan gekonstateer word dat die Duitser in Suidwes-Afrika om die behoud van sy geestesgoedere, hom gestaal het om veel te offer, veel te pleit en veel te eis vir die verkryging van 'n eie skoolstelsel. Gedurende die periode tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorloë het hy geleidelik daarin geslaag om te verower wat skynbaar verlore was, totdat hy prakties in staat was om Moedertaalonderrig tot St.10 te geniet, gekwalifiseerde leerkragte van Duitsland te werf en selfs vir privaatskole en koshuise sekere subsidies te verkry. In die harte van sommige Duitsers het egter die hoop bly voortlewe dat hierdie slegs 'n interim tydperk was, dat die land en sy mense weer 'n deel van Duitsland sou word. Met die bewindsaanvaarding van Hitler het 'n ongelukkige fase van indoktrinasie ook hier te lande begin, waarvan niemand uitgesluit was nie en wat as einddoel gestel het die teruggawe van Suidwes-Afrika aan Duitsland en die samesnoering van die Duitssprekendes tot onderhorigheid aan die Führer-gesag. In dié proses is geen indiwidu se vryheid van denke gerespekteer nie. Hulle wat anders geredeneer het, is as verraaiers bestempel en as weerspanniges aan die owerheid van Duitsland gerapporteer,[2] politieke en opvoedkundige leiers is vervang deur optrede van buite, todat die Deutscher Bund en die Deutsche Schul-

---

(1) Proklamasie Nr.7 van 1940, artikel 3.

(2) Verslag van die Suidwes-Afrika Kommissie, U.G.26 van 1936, art.273.

verein van Windhoek onder regstreekse en volle beheer van die Duitse Konsul gestaan het. Hoewel by byse van proklamasie die National Sozialistische Deutsche Arbeiters Partei en die Hitlerjugend in die ban gedoen is, het die Nazi-isme sy aktiwiteite in die Deutscher Bund en jeugbewegings soos die Pfadfinders en Turnverein gekonsentreer.(1)

Dit was die posisie toe die Tweede Wêreldoorlog op 1 September 1939 uitgebreek het.

## F. DIE TWEEDE WêRELDOORLOG.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Duitse skole onmiddellik groot probleme t.o.v. personeel ondervind. 'n Groot persentasie van die diensdoende onderwysers is geïnterneer. Geen Abitur is meer afgelê nie en Matriek het die afrondingseksamen in die middelbare skole geword. Die naam Oberrealschule te Windhoek is verander na „Höhere Privatschule Windhuk". Die verandering het egter nie net 'n naamsverandering beteken nie: ook die leerplanne is gewysig om by die Suid-Afrikaanse stelsel aan te pas. Vir onderwysers en kinders het die verandering baie moeilikhede veroorsaak. Nieteenstaande al hierdie hindernisse het die eksamenresultate allengs verbeter(2) en dwarsdeur die oorlog het Duitse private skole sowel as Duitsmediumafdelings in regeringskole bly voortbestaan.

---

(1) Jaarraport van die Administrateur van 1939, artikel 112.
(2) Afrikanischer Heimatkalender 1952, p.55, 56.